

## Jesus het borg geword van 'n beter verbond (OP95)

Heb 7:20-28

7 Augustus 2022

Die afgelope twee weke het ons begin om die priesterorde van Melgisedek te bestudeer aan die hand van Heb 7. In verse 1-3 het ons geleer wie Melgisedek was – hy was 'n priesterkoning wat in die dae van Abraham geleef het. In verse 4-10 het ons geleer dat Melgisedek meer verhewe was as Abraham, omdat Abraham aan hom 'n tiende gegee het van die oorlogsbuit en omdat Melgisedek vir Abraham geseën het. Abraham was op sy beurt meer verhewe as Levi en dus ook as die Levitiese priesters, aangesien hy hulle voorvader was. Melgisedek moes dus ook meer verhewe wees as die Levitiese priesters, en daarom is die priesterorde van Melgisedek meer verhewe as die Levitiese priesterorde. Melgisedek was verder bloot 'n Ou Testamentiese tipe van die Seun van God, wat die ware Priesterkoning is na wie Melgisedek verwys.

Laasweek het ons in verse 11-19 geleer dat die Levitiese priesterorde afgeskaf is omrede dit kragteloos en nutteloos was in die sin dat dit nie volmaaktheid tussen God en die mense kon bewerk nie. Dit kon nie effektief die sondeskuld van die mense voor God aanspreek nie, dit kon ook nie die harte van mense verander nie, en dit kon ook nie die kop van die slang vermorsel nie. Die Levitiese priesterorde was bloot 'n tipe van die meer verhewe priesterorde van Melgisedek, terwyl die Seun van God die antitipe van Melgisedek is. Deur Sy optrede as die ware Priesterkoning het Hy wel effektief opgetree om die gebroke verhouding tussen God en die mense te herstel, en so het 'n beter hoop ingetree waardeur ons tot God nader.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 7:20-28, en ek wil dit onder die volgende drie hoofpunte bespreek: (1) Die priesterorde van Melgisedek lewer die borg van 'n beter verbond (v20-22), (2) Jesus is effektiewe Hoëpriester, omdat Hy vir ewig bly (v23-25), en (3) Samevatting van Jesus se Hoëpriesterlike rol (v26-28).

### Die priesterorde van Melgisedek lewer die borg van 'n beter verbond (Heb 7:20-22)

Vers 20 begin met die stelling: “Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie”. Die “Dit” waarna verwys word, verwys na die afskaffing van die Levitiese priesterorde en die oorgang na die priesterorde van Melgisedek – wat in verse 17-19 beskryf is. Vers 20-21 verduidelik dat die Levitiese priesters aangestel was sonder dat hulle aanstelling met 'n eed bevestig is. Daarteenoor is Jesus se aanstelling as Priester volgens die orde van Melgisedek wel met 'n eed bevestig. Kom ons dink net eers oor die Levitiese priesters: Jy kan in Eks 29 gaan lees van die wyding van Aäron en sy seuns as die eerste Levitiese priesters. Alhoewel die prosedure van hulle wyding in detail beskryf word, word daar nêrens melding gemaak dat hulle aanstelling met 'n eed deur God bevestig is nie. Ja, dit is so, God het hulle aangestel – maar Hy het nie hulle 'n aanstelling met 'n eed bevestig nie. Dit was ook die geval later wanneer nuwe persone by die priesterdom gevoeg is. Iemand wat uit die nageslag van Aäron gebore is, het eenvoudig priester geword wanneer hy die voorgeskrewe ouderdom bereik het. Daar was geen eedswering deur die Here by betrokke nie. Vers 21 verduidelik egter dat dit anders is met die aanstelling van die Seun as Priester. Hierdie vers haal weereens Ps 110:4 aan wat sê: “Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: ‘Jy sal altyd Priester wees in die priesterorde van Melgisedek’”. Dit is opvallend dat dit die Here self is wat die eed aflê, en die doel van die eed is dat die Here daarmee duidelik wil maak dat Hy nooit die aanstelling van die Seun as Priester sal herroep nie – dit word boonop bevestig deur die inhoud van die eed wat sê dat die Seun Priester sal wees vir ewig. Onthou nou: verse 17-19 het juis geleer dat die Levitiese priesterorde afgeskaf is. Dit was bloot tydelik, en soos wat ons laasweek gesien het dit was tydelik

omdat dit oneffektief was om volmaaktheid te bewerk, en omdat dit bloot moes leer van die werklik effektiewe priesterlike werk wat die Seun sou kom doen. Maar nou bevestig die Here self met 'n eed dat daar nie weer 'n verandering in priesterorde sal plaasvind nie. Nee, die Seun wat die vervulling is van die priesterorde van Melgisedek, sal vir ewig Priester wees – die Here het met 'n eed gesweer die Seun sal nooit herroep word as Priester nie. Natuurlik is die onderliggende rede die feit dat die Seun wel effektief is om volmaaktheid te bewerk, soos wat ons laasweek gesien het en later weer sal sien.

Maar dan voeg vers 22 by: “So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword.” Geliefdes, wat hier staan, is eenvoudig verstommend – en ek wil vir 'n oomblik hierby stilstaan. Kom ons besin eers oor die term “borg”: Ons is bekend met wat dit beteken as 'n persoon borg staan vir iemand anders. Gestel ek gaan 'n kontrak aan met iemand anders om hom te betaal vir werk wat hy vir my gedoen het. As ek as deel van die kontrak sou insluit dat 'n derde party vir my borg staan, beteken dit dat as ek nie my verpligtinge in die kontrak nakom om te betaal vir die werk nie, moet hierdie derde party dit namens my doen. Hy waarborg namens my dat die persoon sy geld sal ontvang. Die implikasie is dus dat Jesus waarborg dat daar 'n beter verbond sal kom.

Kom ons besin nou oor die term “verbond”: 'n Verbond is 'n ooreenkoms of kontrak – die verbonde wat dikwels in die Bybel voorkom en waarna ons nou wil kyk, is 'n ooreenkoms tussen God en mense. In hierdie verbonde is dit telkens God wat die inisiatief neem. Daar is verskeie sulke verbonde in die Bybel, en ek wil hulle kortliks bespreek sodat ons kan waardeer wat hier in vers 22 staan:

Dit begin in Gen 1-2 voor die sondeval. Daar het God 'n verbond met Adam en Eva gesluit dat hulle Hom moet gehoorsaam, anders sou hulle sterf. Dit word nie in Gen 1-2 as 'n verbond beskryf nie, maar Hos 6:7 verwys juis na die oortreding van Adam as 'n verbreking van die verbond. Hierdie verbond was 'n werksverbond – die verantwoordelikheid was op Adam en Eva om die opdragte van die Here te gehoorsaam, anders sou hulle sterf.

Direk na die sondeval, sluit God weer 'n verbond met Adam en Eva in Gen 3. Hierdie keer werk die verbond anders: God neem die verantwoordelikheid op Homself – Hy sal Een uit die nageslag van die vrou stuur om die kop van die slang te vermorsel. Die doel met hierdie verbond is om die wortel van die ongehoorsaamheid van Adam en Eva aan te spreek deur die duiwel, wat hulle verlei het, te vernietig.

Die volgende verbond is die verbond wat God met Noag sluit na die sondvloed (Gen 9). Hier beloof God dat solank die aarde bestaan sal Hy dit in stand hou en nie weer 'n oordeel stuur soos met die sondvloed nie. Nee, dit sal eers aan die einde van die bestaan van die aarde wees, wat God gaan oordeel. Hierdie verbond staan dus tot met die einde van die aarde.

Vervolgens is daar die verbond met Abraham, waarna ons al dikwels verwys het (Gen 12-17). Hier het God aan Abraham 'n groot nageslag beloof, asook die beloofde land en die feit dat Hy vir hulle 'n God sal wees. God het spesifiek gesê hierdie verbond is 'n ewige verbond – dit staan dus vas vir ewig.

Dan is daar die verbond wat God by Sinai met die volk gesluit het. In Eks 24 lees ons spesifiek dat God 'n verbond met die volk gesluit het toe Hy aan hulle Sy wette en voorskrifte gegee het. Dit was natuurlik ook hier wat die Levitiese priesterorde ingestel is, as deel van die verbond van God met die volk.

Vervolgens is daar die verbond wat God met Dawid gesluit het. In 2 Sam 7 beloof God dat daar altyd iemand uit Dawid se nageslag sal wees wat op sy troon as Koning sal heers. Hierdie Koning uit Dawid se nageslag sal vir ewig heers – hierdie verbond staan dus ook vir ewig vas.

Let nou op die volgende: Al die verbonde waarvan ons nou gepraat het en wat God na die sondeval ingestel het, kan beskryf word as genadeverbonde, want in hierdie verbonde word God se genade sigbaar: In Gen 3 beloof Hy Een wat die kop van die slang sal vermorsel, aan Noag beloof Hy om die aarde in stand te hou tot die finale oordeel, aan Abraham beloof Hy 'n groot nageslag in die beloofde land, by Sinai gee Hy duidelikheid oor Sy verwagtinge waaraan die volk moet voldoen, maar Hy gee ook die Levitiese priesterorde om die situasies aan te spreek wanneer die volk tekort skiet aan God se verwagtinge, aan Dawid beloof Hy dat 'n Koning sal kom wat die duiwel finaal sal oorwin. Verder, al hierdie verbonde word in die Ou Testament beskryf. Onthou, Testament beteken Verbond. As jy al hierdie verbonde saamvoeg, staan dit bekend as die Ou Verbond. Die inhoud van die Ou Verbond is: 'n Verlosser kom (verbond met Adam), God se oordeel kom, maar eers aan die einde van die tyd (Noag), daar sal 'n groot nageslag en beloofde land wees vir Abraham se nageslag (Abraham), God verwag gehoorsaamheid van Sy volk, maar die Levitiese priesterorde word ingestel om versoening te doen vir ongehoorsaamheid wat wel voorkom (Sinai), en 'n Koning sal kom wat die duiwel gaan oorwin (Dawid). Let op, hierdie Ou Verbond is reeds 'n genadeverbond. Daar word soms geredeneer dat God in die Ou Verbond verwag het dat die volk hulle eie geregtigheid moes uitwerk deur goeie werke. Nee, die Ou Verbond was reeds 'n genadeverbond – God se genade is aan die werk in die verbond met Adam, Noag, Abraham, by Sinai deur die instel van die Levitiese priesterorde, en met Dawid.

Kom ons keer nou terug na Heb 7. Die punt word hier gemaak dat die Levitiese priesterorde nie met 'n eed bevestig is nie. Maar vergelyk dit nou met die ander verbonde wat ons hierbo beskryf het:

- Verbond met Noag: Lees Jes 54:9 – “Soos met die waters van Noag is dit vir My: soos Ek met 'n eed bevestig het dat die waters van Noag nie weer die aarde sal oorstrom nie, so bevestig Ek met 'n eed dat Ek nie langer toornig op jou sal wees en jou sal straf nie”. God het die belofte aan Noag bevestig met 'n eed.
- Verbond met Abraham: In Heb 6:13 ev het ons gesien dat God Sy belofte aan Abraham bevestig het met 'n eed. Dit word in detail vir ons beskryf in Gen 22 toe Abraham vir Isak moes gaan offer.
- Verbond met Dawid: Lees Ps 132:11 – “Die Here het 'n eed teenoor Dawid afgelê, en dit staan vas, Hy sal daarvan nie afwyk nie: ‘Ek sal een van jou eie seuns in jou plek laat koning word’”. God het die belofte aan Dawid bevestig met 'n eed.

Sien jy die punt: Rakende die verbond met Noag, Abraham en Dawid word telkens pertinent gesê dat dit 'n ewige of permanente ooreenkoms is wat geldig is tot die einde toe, en in al drie gevalle word die verbond deur God self bevestig met 'n eed. Daar is egter een uitsondering: die verbond wat God by Sinai gesluit het. Die enigste aanduiding van permanensie in daardie verbond is dat die wet van God, die tien gebooe, op kliptafels geskryf was – dit staan vas vir ewig (soos wat ons laasweek gesien het). Maar daar is geen belofte dat die res van die voorskrifte wat by Sinai gegee is, vasstaan vir ewig nie – dis nou voorskrifte soos vir die tabernakeldiens, die offers, die jaarlikse feeste of selfs die priesterdiens nie. En Heb 7 leer ons dat die Levitiese priesters ook nie met 'n eed bevestig is nie – terwyl die beloftes in al die ander verbonde deur God met 'n eed bevestig is. As jy dit vergelyk met die ander verbonde in die Ou Verbond, kan jy nie ander nie as om te begin raaksien dat daar iets tydelik was aan die Sinaiverbond nie. Laasweek het ons geleer hoekom dit die geval was: want die Levitiese priesterorde kon nie volmaaktheid tussen God en die mense bewerk nie. Dit was inderdaad

bloot tydelik en 'n instrument waardeur God ons wil leer van ons nood en van die ware Priester wat wel volmaaktheid sou kom bewerk. En daarom het ons laasweek in Heb 7:18 gesien dat die Levitiese priesterorde en gepaardgaande wette afgeskaf is. En daarom het God nooit gesê dat al die voorskrifte wat By Sinai gegee is, permanent was nie, en daarom het Hy nooit die aanstelling van die Levitiese priesters met 'n eed bevestig nie.

Maar, die Priester wie se aanstelling Hy wel met 'n eed bevestig het, is die aanstelling van Sy Seun as Priester volgens die orde van Melgisedek. En terselfdertyd, sê vers 22, het Hy ook die borg geword van 'n beter verbond. Die Ou Verbond, daardie kollektiewe verbond bestaande uit die verbonde met Adam, Noag, Abraham, Sinai en Dawid, het wonderlike beloftes waarvan die meeste deur 'n eed bevestig is en wat vasstaan en definitief sal realiseer. Maar, daar is een element, wat nie effektief gewerk het nie – die Levitiese priesterorde. Maar, nou word dit vervang met 'n meer verhewe priesterorde, met 'n effektiewe priesterorde, en met die Seun van God self as die Hoëpriester. Omdat Hy wel effektief volmaaktheid tussen God en die mense kan bewerk, word Hy die borg wat waarborg dat al die aspekte van God se verbond effektief sal wees. Die verbond met Adam, Noag, Abraham en Dawid staan steeds, maar die verbond by Sinai word verbeter deur 'n beter en effektiewe priesterorde. En dit, die verbonde met Adam, Noag, Abraham en Dawid, tesame met die effektiewe en beter verbond wat realiseer met die koms van die Seun as Priester volgens die orde van Melgisedek, vorm saam die Nuwe Verbond. En as jy na die opskrif van Heb 8 kyk: “Die Hoëpriester van 'n nuwe en beter verbond”, sien jy dat dit die fokus word wat verder in detail uitgewerk gaan word in daardie hoofstuk. Ja, die Ou Verbond is al goed, maar die Nuwe Verbond is nog beter, omdat dit ook 'n Perfekte Hoëpriester volgens 'n verhewe priesterorde bevat.

#### Jesus is effektiewe Hoëpriester, omdat Hy vir ewig bly (Heb 7:23-25)

Hierdie gedeelte vloei logies voort uit wat ons sopas gesien het. Lees vers 23-24. Die skrywer redeneer daar is nog 'n verskil tussen Jesus en die Levitiese priesters. Die Levitiese priesters was doodgewone mense, en dit het beteken dat hulle oud geword het, en dan gesterf het. Wanneer 'n priester gesterf het, is hy opgevolg deur jonger priesters, ook uit die nageslag van Aäron. Die gevolg was dus dat daar deur die loop van die jare baie priesters en hoëpriesters was. Ek lees dat Joodse rekords aandui dat daar 83 hoëpriesters was sedert Aäron tot met die vernietiging van die tempel in 70 nC: 13 hoëpriesters het opeenvolgend diens gedoen in die tabernakel, 18 het diens gedoen in die tempel wat Salomo opgerig het, en 52 in die tempel na die ballingskap tot met die val van Jerusalem.

Die volgende is nogal ironies: die dood is die gevolg van die sonde. As die rol van die priesters was om versoening te doen vir die sondes van die volk, en dus vir die feit dat die volk sterf, is dit ironies dat die priesters se priesterskap ophou wanneer hulle sterf. Hierdie realiteit onderstreep weereens dat die Levitiese priesters nie effektief versoening kon doen nie – nadat hulle hulle lewens gewy het aan hulle priesterskap waartydens hulle versoening moes doen vir die sondes van die volk, sterf hulle – maar die dood is juis die gevolg van die sondes. Hulle versoeningswerk was dus eenvoudig oneffektief – want selfs hulle as priesters sterf steeds!

Vers 24 sê dit is egter anders met Jesus. Die vers sê Jesus bly vir ewig. Dit is tog wat ons nou herhaalde kere gesien het: Melgisedek was voortdurend priester. En die Seun is vir ewig Priester volgens die orde van Melgisedek. Die feit dat die Seun vir ewig Priester bly, beteken Sy Priesterskap word nooit oorgedra aan iemand anders nie. Waar daar dus baie Levitiese hoëpriesters was, is daar net Een ware Hoëpriester, en Hy bly vir ewig.

Maar nou sou 'n mens die vraag kon vra: Jesus het tog ook gesterf – is Hy werklik soveel anders as die Levitiese priesters, wat ook gesterf het? En die antwoord is: Sy dood is inderdaad heeltemal anders. Dink oor die volgende:

- Die Levitiese priesters het opgehou om priesters te wees, omdat hulle gesterf het. Daarteenoor sterf die Seun terwyl Hy Priester is.
- Die Levitiese priesters se dood was nie deel van hulle priesterlike werk nie. Die dood van die Seun was wel 'n belangrike en integrale deel van Sy Priesterlike werk.
- Die Levitiese priesters het gesterf en het nog nie weer opgestaan nie. Die Seun het gesterf, en op die derde dag opgestaan en daardeur bewys dat Sy offer werklik effektief was om die dood te oorwin.

Lees vers 25. Hierdie vers lig die heerlike resultaat hiervan uit: Daarom kan Hy die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos (NAV). Die OAV vertaal dit met: Hy kan volkome red, die ESV met: He can save to the uttermost. Kommentatore is dit redelik eens dat die Griekse term wat hier gebruik word, beide die volledigheid van Sy werk, asook die ewigheid van Sy werk beskryf. Aan die een kant is Sy verlossingswerk volledig in die sin dat dit effektief versoening doen vir sondes, dit is volledig omdat Sy werk in die nuwe verbond ook voorsiening maak vir die verandering van harte deur die werk van die Heilige Gees, en Sy werk is volledig omdat Hy effektief die duiwel oorwin het. Aan die ander kant is Sy verlossingswerk ook geldig vir ewig – want Hy is Priester vir ewig en hoef nooit Sy werk oor te dra aan iemand anders nie.

Vers 25 voeg ook by dat Hy vir altyd leef om vir ons, die gelowiges, by God in te tree. Gedeeltes soos Rom 8:34 bevestig die feit dat die Seun tans vir ons intree by die Vader. 'n Deel van Sy Hoëpriesterlike werk is reeds afgehandel: Hy het reeds effektief versoening van sondes bewerk. Hy het reeds die duiwel oorwin. Dit het alles reeds meer as 2000 jaar gelede gebeur. Sedertdien word daar egter steeds mense gebore. Deur die werk van die Heilige Gees, wat die Seun gestuur het, kom van hierdie mense steeds tot geloof. Wanneer dit gebeur, tree Hy vir hulle in by die Vader, deurdat Hy aanspraak maak daarop dat Hy reeds vir hulle geregtigheid bewerk het – en die gevolg is dat hulle deur God regverdig verklaar. Boonop, tydens hulle lewe op aarde is hulle steeds op die pad van heiligmaking en val steeds van tyd tot tyd in sonde. Wanneer hulle hulle sonde bely, tree die Seun vir hulle in by die Vader. Dit is alles deel van Sy voortgaande Hoëpriesterlike werk. Hy is die volmaakte Hoëpriester!

#### Samevatting van Jesus se Hoëpriesterlike rol (Heb 7:26-28)

Lees verse 26-28. In hierdie verse vind ons 'n samevatting van die Seun as Hoëpriester. Die skrywer maak die punt dat die Seun werklik die Hoëpriester is wat ons nodig het. In vers 26 beskryf hy hierdie Hoëpriester as:

- Heilig – God is drie maal heilig. Daarom moet die volmaakte Hoëpriester ook heilig wees, Hy moet perfek belyne wees met God se wil, Hy moet doen en wil doen wat God wil.
- Skuldeloos – dit word ook vertaal met “onskuldig” (OAV). Die volmaakte priester moet onskuldig wees in die sin dat Hy die mense ter wille van wie Hy optree werklik liefhet, en nooit hulle op enige manier te na gekom het nie.
- Sonder smet – Alhoewel die volmaakte Hoëpriester met sondaars kontak sal hê, moet Hy self nooit skuldig word aan enige sonde nie.
- Verwyder van sondaars / afgeskei van sondaars – Alhoewel Hy kontak gehad het met sondaars, hoewel Hy selfs deur mense saam met sondaars gereken was, alhoewel Hy in hulle

plek tot sonde gemaak is, moet Hy ook die punt bereik dat Hy van hulle verwyder kan word sodat Hy namens hulle voor God kan verskyn.

- Verhoog bo die hemele – Hy moet sodanig wees dat Hy selfs in die hemel voor God kan verskyn om daar vir die mense ter wille van wie Hy optree, te kan verskyn en vir hulle in te tree.

Aangesien dit alles waar is van die Seun, daarom is dit nie nodig dat Hy vir Sy eie sondes versoening hoef te doen nie – want Hy het nie sonde nie (v27). En daarom kon Hy Homself as perfekte en eenmalige offer offer. En Hy is vir ewig in hierdie posisie as die volmaakte Hoëpriester – God het dit met ‘n eed bevestig.

Ek wil graag afsluit deur vir jou aan te haal wat Stuart Olyott hieroor skryf. Ek vertaal vrylik. Hy skryf:

As ‘n sondaar, het ek ‘n Hoëpriester nodig wat nie net verhewe en vol krag is nie, Hy moet ook heilig wees. ‘n Hoëpriester wat offers vir sy eie sondes moet bring, is vir my van geen nut nie. So ‘n hoëpriester kan sekerlik ‘n prentjie wees van ‘n beter hoëpriester wat aan die kom is, maar so ‘n hoëpriester as sulks kan my nie help nie. Ek het ‘n Hoëpriester nodig wat die reg het om in die teenwoordigheid van God te mag kom om daar vir my te kan intree. ‘n Hoëpriester wat net in ‘n prentjie van die hemel mag ingaan, is nie die hoëpriester wat ek werklik nodig het nie.

Slegs ‘n Hoëpriester wat self heilig is, kan die reg hê om in God se direkte teenwoordigheid te kom om my saak daar te hanteer. Hy moet ‘n mens wees, want ek is ‘n mens. Hy moet daar vir my intree, maar dit moet nie vir hom nodig wees om eers vir homself in te tree nie. Ek het ‘n hoëpriester nodig wie se voorspraak vir my ongetwyfeld vir altyd sal voortduur. Die Here Jesus Christus is so ‘n Hoëpriester. Hy is presies wat ek nodig het.

Jesus is nie ‘n Levitiese priester wat met sonde, tekortkominge en swakhede leef nie, een wat elke dag offers hoef te bring, eers vir Homself en daarna vir ander nie. Aangesien Hy met ‘n Goddelike eed aangestel is vir Sy Hoëpriesterlike taak, en aangesien Hy volledig bekwaam is vir hierdie taak, daarom is Hy vir ewig in hierdie rol aangestel! Hy het reeds effektief die sonde hanteer, eens en vir altyd, deurdat Hy Homself geoffer het as die perfekte offer, wat volledig deur God aanvaar is, en in Wie se teenwoordigheid Hy nou is.

Wat ‘n wonderlike gedeelte in die Skrif! God is heilig, maar ek is ‘n sondaar. Is daar enigiemand wat namens my tot God kan nader – iemand wat onbesmet is deur sonde, wat verhoog is tot die hoogste hemel, iemand wat deur God aangestel is as ‘n ewige, onveranderlike Hoëpriester wat vir niks terugdeins nie? Hierdie Skrifgedeelte sê daar is!

Met Jesus Christus as my Hoëpriester, sal daar nooit ‘n geleentheid wees waar ek tot God sal nader, net om uit te vind ek word deur God weg gewys nie. Omdat Hy vir my intree, sal daar nooit ‘n dag kom waarop ek uitgebana sal word van gemeenskap met God nie. Sy voorspraak vir sondaars is perfek en suksesvol. Ek kan altyd met vertroue na Hom toe kom, wetende ek sal genade vind vir my sondes en barmhartigheid om my in my nood te help. En dit alles is waar, omdat Hy ‘n Hoëpriester is wat in alle opsigte meer verhewe is as die skadubeelde van Levitiese priesters in die Ou Testament.

As dit nie waar was nie, sou ek sonder hoop moes lewe en sterwe. Maar dit is waar! Hoekom sal enigeen dan sy rug op Hom wil keer? Om terug te gly is dwaasheid, afvalligheid is malligheid!